

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 42

29 Oktober 2023

## Hoop

**Hoop loop soos 'n lewensaar deur die bladsye van die Bybel…ons almal het hoop nodig en ons almal beleef by tye hoe ons hoop weens moeilike omstandighede en beproewinge opdroog.**
**Wat is hoop? Die Woord sê dat hoop 'n anker in moeilike tye is. Dit stel die gelowige in staat om sterk te staan in die geloof. "Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. - Hebr 6:19.**
**Die Woord sê dat hoop ons lewe gee in die kruisdood en opstanding van Jesus. "In Sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop…" - 1 Pet 1:3.**
**Paulus bid vir die gelowiges in Rome dat hulle hoop in die Here versterk mag word. "Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!" – Rom 15:13.**
**Paulus lig drie baie belangrike elemente van hoop uit.**
**1. "Mag God, die bron van hoop…" Paulus weet ons is geneig om ons hoop te soek en te plaas in die dinge van die wêreld. Dinge soos vriendskappe, geliefdes, 'n politieke party, ons beroep, ens. Maar ons weet dat enige hoop wat uit hierdie bronne kom, van korte duur is en inderdaad maklik wegval in tye van beproewing.**
**Paulus herinner dat God die bron van hoop is. Dit is 'n hoop wat nie vergaan, deur motte opgeëet kan word of deur omstandighede beïnvloed word nie, maar 'n hoop vir vandag wat strek tot in ewigheid en duur gekoop is deur Jesus se offer aan die Kruis. As ons voel ons hoop droog op, keer terug na die bron van hoop – Jesus.**
**2. "…deur julle geloof…" Paulus herinner dat geloof en hoop van mekaar afhanklik is. Jy kan nie hoop in Jesus hê sonder om jou geloof in Hom te plaas nie. As ons oorvloedige hoop in Jesus wil beleef, moet ons in geloof groei. Die bron van geloof is die Woord. "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus" – Rom 10:17. "Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees." – Rom 15:4. Dus bring die hoor van die Evangelie deur die Woord, geloof mee wat oorvloei tot in hoop.**
**3. Paulus bid dat ons geloof en hoop in die Here sal oorloop in vrede en vreugde. Hierdie vrede en vreugde is die werk van die Heilige Gees in die hart van die gelowige en maak dit vir ons moontlik om selfs in beproewinge die vrede en vreugde van die Here te beleef.**
**Paulus is deur baie beproewinge in sy lewe, maar steeds het hy verklaar: "Ons ken hartseer, maar ons is altyd vol vreugde." "…as bedroefdes, en tog is ons altyd opgeruimd; as armes, maar ons maak baie ander ryk; as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles"–**
**2 Kor 6:10. Ons is waarlik oorstroom met die goedheid van die Here en die vreugde van die Here is ons krag.**

**Dankie!**

- **Dat ons 'n lewende bron van Hoop het en Sy Naam is Jesus!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
  Vir die eksamens wat op hande is.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land. Vir die brande en vloede in verskeie dele van ons land.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Frik Blom |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Oom Sampie Swart | Tannie Martie de Beer |
| • Jaco Steenkamp | Monty Pienaar |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Louis Strauss | Heinrich Kotzé |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | James Vermaak |
| • Albert Glockzin | Talitha Prinsloo |
| • Jillian Jansen | Rudi Kruger |
| • Willie Britz | Jaap Naude |
| • Tilly van Huysen | Oom Cedric Wiegand |
| • Flippie Roslee | Annatjie Pienaar |

Ons innige medelye met Ansie en Dawie Potgieter en familie en vriende met die afsterwe van hul seun Dawie.

**Gedagte vir die week**

**“Nou het ons ‘n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelkte erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.” 1 Pet 3-4**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor

N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org